## 12 November - TOLLENAARS

**Skrif- en Fokusgedeelte: Lukas 18:9-14**

Die tollenaars was veragte mense wat uit die gemeenskap verstoot is. Die tollenaars het gewetenloos saam met die heidense Romeinse owerheid gewerk as belastinginvorderaars. Hulle het nie net teen hulle volksgenote hard opgetree nie, maar hulleself ook skelm verryk ten koste van hulle volksgenote.

Hoekom vertel die Here hierdie gelykenis? Hier was mense wat seker was dat hulle eie saak met God reg is, maar wat terselfdertyd op ander neergesien het.

Is dit moontlik dat jou saak met God reg is, terwyl jy op ander neersien? Dit kan tog nie! (Net as jy dink dat jy uit jouself beter is, en dus uit jouself verlos kan word.)

Kyk na hierdie Fariseër se gebed: sy gebrek kom in verhouding met die tollenaar na vore. Hy verwys na die tollenaar met veragting: hy is nie soos hierdie tollenaar nie. Hy is tog soveel beter, want Hy doen meer vir God ...

Dank hy God uit dankbaarheid, of doen hy dit eintlik om homself voor te hou as 'n regverdige? Hy het dit reggekry en die tollenaar kan nie!

En hoe lyk God vir hierdie Fariseër en vir hierdie tollenaar? By die Fariseër sien ons bravade – besef hy dan nie dat ook hy klein voor God is nie? En by die tollenaar sien ons veral droefheid – die besef dat hy nie uit homself waardig is om met die heilige God te praat nie. Hy staan daar ver – miskien nog in die voorhof vir die heidene. Hy kyk nie eens op na die hemel nie.

Met wie kan jy jou vereenselwig? Die Here Jesus wys ons by wie ons kan leer: *"Ek sê vir julle: Hierdie man, en nie die ander een nie, het huis toe gegaan as iemand wie se saak met God reg is. Elkeen wat hoogmoedig is, sal verneder word; en hy wat nederig is, sal verhoog word"* (vs 14).

*Sing: Psalm 32:1 (1936-beryming)* *Ds PA Odendaal (Harrismith en QwaQwa)*